Sandton Afrikaanse Akademie

Sandton Afrikaanse Akademie (Pty) Ltd (Registrasie No 2012/003426/07)
75 Edison Singel, Sunninghill, 2157, Suid Afrika
Telefoon: +27 (0)11 234 6326 Faks: 086 611 1728
e-pos: tanya@sandton-akademie.co.za
Departement van Onderwys registrasie nommer 400418

Algemene inligting

Visie:

Die bestuur van Sandton Afrikaanse Akademie streef na ‘n rustige en gedissiplineerde omgewing waar kinders

1. veilig en gelukkig is en met selfvertroue kan groei en ontwikkel
2. individuele aandag kan geniet
3. sonder perke kan groei

Missie:

Sandton Afrikaanse Akademie bied ‘n omvattende program wat:

4. Kinders lief sal maak vir leer
5. Elke kind as ‘n individu erken met unieke behoeftes en ‘n individuele persoonlikheid
6. Kinders volgens Christelike waardes voorberei
7. Kinders stimuleer op ‘n sosiale en intellektuele vlak
8. Ouers verseker van:
    - Gekwalifiseerde personeel
    - Opvoedkundige klimaat
    - ‘n Tersiêre erkende opvoedkundige program
    - Kinders se fisiese ontwikkeling en aanpasbaarheid

Die beste besluit vir u kind se toekoms

Sandton Afrikaanse Akademie bied vir u kind die geleentheid om te ontwikkel na ‘n afgeronde persoon, in ‘n omgewing waar hy/sy raakgesien word en waar u kind se belange op die hart gedra word. Ons skool bied ‘n uitstekende program wat vir elke kind ‘n voorsprong sal gee op die pad na volwassewording.

Die personeel is bekwaam en kundig, het goeie ondervinding en bied gehalte-onderwys aan in goed gefasiliteerde klaskamers. Hoë akademiese standaarde word gehandhaaf en die leerders kan ook deelneem aan sport en kultuur-aktiwiteite. Die skool bied ‘n goeie basis vir elke kind se opvoeding waaruit ons resultate spreek van goed gebalanseerde en aangepaste kinders.

Ouers kan met ‘n geruste hart hul kinders aan die skool toevertrou.

Sandton Afrikaanse Akademie

1. Kurrikulum

Ons volg die nasionale kurrikulum as ons basiese fondasie waarop ons die standaard verhoog deur meer items te dek om die leerders se algemene kennis te verhoog, sowel as addisionele vakke by te voeg.

Addisioneel tot kurrikulum vanaf graad 1:

- Entrepeneurswese
- Musiek
- Bybelonderrig
- Projekte
- Rekenaarvaardigheid – Graad 4+

Ons beplan om vanaf Graad 8 'n internasionaal erkende kurrikulum te volg om ons leerders die geleentheid te bied om enige plek te studeer met 'n internasionaal erkende matrieksertifikaat.

2. Buitemuurse Aktiwiteite

Die volgende sportsoorte word aangebied **en is by die skoolfooie ingesluit**:

- Sportdissipline afrigting*****
  dit *sluit in fiksheid, rugby-, netbal-, sokker-, krieketvaardighede, ens.*
- Swem afrigting*****
- Tennis afrigting
- Atletiek afrigting
- Landloop afrigting

Die volgende kultuuraktiwiteite word aangebied **en is by die skoolfooie ingesluit**:

- Drama afrigting
- Skaak afrigting
- Omgewingsleer
- Koor afrigting
- Redenaars afrigting

***** Graad R ingesluit

Addisioneel tot die skoolfonds is klavierlesse – leerder moet klavier by huis hê.

3. Grade

Sandton Afrikaanse Akademie bied die volgende grade:

Fondasie fase – Graad R – 3
Intermediêre fase – Graad 4 – 6
Senior fase – Graad 7 – 12

Ons skool het in 2010 met graad 1 begin en groei jaar na jaar met 'n nuwe graad; ons begin in 2016 met ons Senior fase.

4. Klasindeling

Die skool het tans 3 klasgroepe:

- Grondslagfase:
  - Graad R
  - Graad 1 – 2
  - Graad 3
- Intermediêre fase:
  - Graad 4, 5 en 6

Die klasse sal klein gehou word en dus individuele aandag vir elke kind verseker.

5. Skooltye:

Akademie: (Maandae – Vrydae)
Graad R: 08:00 – 13:00
Graad 1 - 2: 07:30 – 13:00
Graad 3 – 6: 07:30 – 13:45

Buitemuurse aktiwiteite: (Maandae – Donderdae)
Graad R: 13:00 – 14:00 (sport - 2 dae van die week)
Graad 1 – 2: 13:00 – 14:00 (moet minstens 2 sportsoorte en 2 kultuuraktiwiteite beoefen)
Graad 3 – 6: 14:00 – 15:00 (moet minstens 2 sportsoorte en 2 kultuuraktiwiteite beoefen)

Daar sal toesig wees vanaf 07:00, dus kan kinders vanaf 07:00 afgelaai word, waar hulle kan speel / sosiaal verkeer. Daar is ook nasorg in die middae teen 'n addisionele fooi.

Leerders wat laat afgehaal word, en nie deel van die nasorg is nie, skakel outomaties by nasorg in. Leerders kan voltyds of deeltyds by hierdie diens inskakel.

GEEN KINDERS MAG NA 17:00 AFGEHAAL WORD NIE. Wanneer kinders laat opgelaai word sal boetes betaalbaar wees.

6. Uitstappies

Gereelde uitstappies word onderneem na plekke met opvoedkundige waarde waar leerders die realiteit kan beleef, bv. fabrieke, Sci-Bono, teater en meer. Ons kry ook besoekers wat opvoedkundige programme op ons eie terrein kom aanbied.

7. Nasorgsentrum

Ons sentrum funksioneer daagliks vanaf 13:00 tot 17:00 by die skool. Sport, huiswerk en vryspel aktiwiteite vind plaas onder konstante toesig. Dié diens word teen 'n geringe fooi gebied.

8. Fasiliteite

Ons skool spog met puik fasiliteite. Dit sluit in:

- voldoende, goed toegeruste klaskamers
- higiëniese badkamers
- 'n goed toegeruste nasorgsentrum
- 'n vakansieprogram indien daar ‘n behoefte is (teen addisionele koste)
- 'n amfiteater waar opvoedkundige programme en funksies aangebied word
- 'n volledige rekenaarsentrum
- tennisbane en sportgronde tot ons beskikking by ‘n buurskool en
- ‘n groot veld waar sport en skoolfunksies aangebied word

9. Terapie

Ons is bevoorreg om ‘n gekwalifiseerde spraakterapeut te hê wat weekliks ons skool kom besoek. Indien u vermoed dat u leerder 'n probleem met sy/haar ontwikkeling het, sal ons leiding verskaf sodat die nodige evaluerings gedoen kan word.

Sandton Afrikaanse Akademie

Ons bekwame onderwyspersoneel is voortdurend besig met assessering en daarom behoort enige probleemareas geïdentifiseer te kan word. Terapie kan gedurende skoolure geskied, indien u dit so sou verkies. Afsprake sal gereël word met die betrokke ouers en die nodige terapeute.
Ons laat ook jaarliks gehoor- en oogtoetse doen, om sodoende enige probleem in die verband vinnig te identifiseer en op te los.

10. Afsprake

Die hoof is daagliks beskikbaar vir afsprake. Afsprake kan ook gereël word met die klasonderwyseresse. Skakel die kantoor om 'n afspraak te reël. Elke afspraak sal vertroulik wees en sal met die nodige respek hanteer word.

11. Die personeel

Die personeel bestaan uit baie bekwame, opgeleide onderwyseresse met 'n passie vir onderrig. Hierdie dames lewer elk 'n besonderse bydrae om die leerders tot volwassenheid te lei, in 'n veilige atmosfeer.
Ons administratiewe personeel is behulpsaam met administratiewe take en hanteer ook die finansies.
Die nasorgsentrum word gedryf deur ons onderwyseresse waar kinders deeglik gehelp word met hulle huiswerk.
Verder beskik ons oor die dienste van ‘n dame wat vir die kinders lekker gesonde kos maak, 2 skoonmakers, wat seker maak dat die klasse en badkamers blinkskoon is, asook 2 tuiniere/nutsmanne.

12. Kalender vir 2015

1ste Termyn	14 Januarie	-	17 April
2de Termyn	05 Mei	-	07 Augustus
3de Termyn	08 September	-	04 Desember

Tydens vakansie tye is die skool gesluit. Vakansieprogramme sal op behoefte gereël word, teen ‘n addisionele fooi.

13. Etes

Die skool verskaf geen etes nie, kinders moet reeds ontbyt geëet het voor hulle skool toe gestuur word. Ouers moet asb. genoegsame kos saam stuur vir die breuke. Ingesluit by die nasorg sal die kinders gesonde kos ook kry.

14. Skooldrag

Somer:	Dogters:	Khaki skoolrok** met lugblou skoolhemp***
		Vlootblou kleinbroekie****
		Bruin skoolskoene***
		Khaki skool knie-kouse**
		Verkieslik kaalvoet
		Vlootblou v-nek skooltrui**
		Vlootblou v-nek moulose skooltrui**
	Sport*:	Skool sport hempie**
		Skool sport rompbroek**
		Tekkies met wit sokkies***
		Vlootblou skoolswembroek (Speedo-tipe)***
	Seuns:	Khaki skool kortbroek**
		Bruin gordel***
		Lugblou skoolhemp*** (hemde moet ingesteek wees)
		Bruin skoolskoene***
		Khaki skool knie-kouse**
		Verkieslik kaalvoet
		Vlootblou v-nek skooltrui**
		Vlootblou v-nek moulose skooltrui**
	Sport*:	Skool sport hempie**
		Skool sport kortbroek**

		Tekkies met wit sokkies***
		Vlootblou skoolswembroek (Speedo-tipe)***
Winter:	Dogters:	Khaki skoolrok** met lugblou langmou skoolhemp***
		Vlootblou kleinbroekie****
		Bruin skoolskoene***
		Khaki skool broekiekouse** / Khaki skool knie-kouse**
		Vlootblou v-nek skooltrui**
		Vlootblou v-nek moulose skooltrui**
		Rooi das**
		Skool sportsbaadjie**
	Sport*:	Skool sport hempie**
		Skool sport rompbroek**
		Skool sweetpak**
		Tekkies met wit sokkies***
	Seuns:	Khaki skool langbroek**
		Bruin gordel***
		Lugblou langmou skoolhemp*** (hemde moet ingesteek wees)
		Bruin skoolskoene***
		Khaki skool knie-kouse**
		Vlootblou v-nek skooltrui**
		Vlootblou v-nek moulose skooltrui**
		Rooi das**
		Skool sportsbaadjie**
	Sport*:	Skool sport hempie**
		Skool sport kortbroek**
		Skool sweetpak**
		Tekkies met wit sokkies***

***** **Graad R uniform**
****** **Moet by die skool verkry word**
******* **Beskikbaar by Woolworths**
******** **Beskikbaar by Ackermans**
Korrekte voorgeskrewe sportdrag moet vir verskillende sportsoorte gedra word.

15. Fooie 2015

a. Skoolfooie R3,000.00 per maand
b. Nasorgfooie R650.00 per maand wat middagetes insluit

Die volgende afslag is van toepassing op gesinne met meer as een kind in die skool: 30% afslag vir die 2de kind en 40% afslag vir die 3de kind.

Daar is 10% korting indien alle skool- en nasorggelde vir die jaar aan die begin van Januarie betaal word.

'N NIE TERUGBETAALBARE REGISTRASIEFOOI / BOEKEFOOI IS JAARLIKS BETAALBAAR MET DIE INSKRYWING VAN U KIND:

a. **Fondasie fase (Gr R – 3): R3,000.00**
b. **Intermediêre fase: R4,000.00**

16. Fondsinsamelings, funksies en ouerdae:

Vrydae is snoepiedag waar elke ouer die geleentheid gaan kry om 'n ietsie saam te stuur vir sy/haar kind. Ons het ook 'n snoepie by die skool op Vrydae waar die kinders dan iets kan koop.

Sandton Afrikaanse Akademie

Dit is vir ons belangrik dat u as ouer tuis voel by die skool. Ons wil graag u betrokkenheid aanmoedig deur fondsinsamelings, funksies en ouerdae aan te bied. Fondsinsamelings word gereël om apparaat en hulpmiddels aan te vul.

17. Adresse en kontaknommers:

Dit is van uiterste belang dat die skool ten alle tye met u in verbinding kan tree. Verwittig asb. onmiddellik die betrokke onderwyser/es van enige adres- en telefoonveranderings.

18. Betaling van Skoolgelde:

Sodra daar geld op die perseel hanteer word, is daar ‘n verhoogde risiko in ons kinders se veiligheid. Ons wil die risiko totaal en al verwyder en het u samewerking nodig. Ons wil geen kontant op die skoolperseel hanteer nie en vra dus dat u die skoolgeld elektronies sal oorplaas na ons bankrekening.
Indien u nie ‘n elektroniese betaling kan maak nie, praat met ons, dan kan ons alternatiewe reëlings tref.

19. Navrae, versoeke en probleme:

Wees asb. verseker van ons volgehoue ondersteuning, hulp en betrokkenheid. Kontak ons indien u enige navrae en versoeke het. Maak asb. ‘n afspraak indien u enige probleme rakende u kind wil bespreek. Alle situasies sal vanuit ‘n professionele oogpunt bespreek word.

20. Korrespondensie

Alle korrespondensie kan gepos word na die volgende adres:
Die Hoof
Sandton Afrikaanse Akademie
75 Edison Singel
Sunninghill
2157

Fisiese adres:
71 Edison Singel, Sunninghill, 2191

21. Telefoon:

Skool:	083 391 8622
	011 234 6326
Faks:	086 611 1728
Epos:	admin@sandton-akademie.co.za
	tanya@sandton-akademie.co.za

22. Kantoorure:

Maandae – Vrydae	07:00 – 15:00

23. Navrae en inskrywings:

Tanya Booysen
083 391 8622

SANDTON AFRIKAANSE AKADEMIE STREWE TEN ALLE TYE NA KWALITEIT ONDERRIG

ONS WEET DAT U BAIE GELUKKIG BY ONS SAL WEES

BAIE WELKOM